

## **NG-gemeente Worcester-Vallei se GEBEDSBEDIENING**

Die naam sê reeds vir ons wat die doel van ons roeping is:

- Dit gaan oor gebed waarin ons as nietige mense, ons as gemeente, met die Ewige Almagtige God mag praat en met Hom in 'n verhouding mag wees. Ons weet God roep ons gemeente om 'n huis van gebed vir die nasies te wees (Jes. 56:7). Ons het 'n roeping om in te tree vir onself, ons gemeente, ons dorp en land, ook vir die wêreld.
- Ons gebed is 'n bediening aan hulle vir wie ons intree. Ons mandaat is om God se werkers te wees wat in gebed dien met nederigheid, volharding en integriteit.

Wat 'n seën om te weet ons God hoor elke gebed, ons gebede styg soos wierook voor Hom op (Op. 5:8)

### Op watter maniere word ons gemeente se gebedsbediening uitgeleef?

1. In aankondigingsbulletin: Name van lidmate wat siek is, vir voorbidding.
2. Ook op die aankondigings: Gebedspunte vir onself, ons gemeente, Worcester, SA en die wêreld. Lidmate word aangemoedig om deur die week aan te hou bid vir genoemde sake.
3. Kleingroepe en Bybelstudiegroepe word aangemoedig om gebed 'n prioriteit te maak wanneer hulle bymekaar is, met voorbidding wat sal oorspoel in elke lidmaat se persoonlike daaglikse gebed.
4. Gebedsketting met 45 deelnemers wat weklíks per sms gebedsversoeke ontvang waarvoor elkeen dan op sy eie tyd bid. Dringende gebedsversoeke wat van gemeentede af gegee word, word ook tussenin aan die ketting deurgegee.
5. In die weklíkse Vrydagnuus is daar 'n artikel oor gebed om vir lidmate nuwe insigte te gee en aan te moedig tot meer toegewyd gebed.
6. 'n Aantal lidmate het ingeteken op die *Jerigo Mure*-gebedsgids wat daaglikse voorbiddingspunte en insiggewende artikels bevat om bidders se gebedsbelewenis te verbreed en waardevolle inligting deur te gee vir gebed.

Is gebed vir jou 'n prioriteit?

Wil jy graag meer leer van gebed?

Wil jy graag meer sinvol en doelgerig en toegewyd bid?

Is dit vir jou belangrik dat ons gemeente 'n biddende gemeente moet wees wat elke aktiwiteit en projek van die gemeente in gebed voor ons Vader lê voordat tot aksie oorgegaan word?

Sou jy graag by een of meer van bogenoemde aktiwiteite betrokke wou raak?

Het jy dalk voorstelle van hoe ons gemeente se gebedsbediening meer sinvol en effektief bedryf kan word?

Kontak dan asb. vir Mada Engelbrecht by tel. 023 342 1322, sel. 076 152 8898, of epos [fanie.mada@gmail.com](mailto:fanie.mada@gmail.com) .